



**medihelp**  
Mediese Fonds in Aksie

## Eise en eisestate

Dokters en gesondheidsorgpraktisyns dien gewoonlik eise vir hulle dienste direk by Medihelp namens jou in, maar sommige gesondheidsorgpraktisyns vereis dat jy eers die rekening moet betaal en dit dan van Medihelp eis.

Om te verseker dat jou eis geldig is ingevolge die Wet op Mediese Skemas en die Reëls van Medihelp moet jy asseblief seker maak dat die volgende besonderhede op die rekening verskyn:

1. Die lid se lidnommer
2. Die lid se naam en van
3. Die pasiënt se naam, van en geboortedatum
4. Medihelp Mediese Skema – nie "Privaat" nie (dit het belastingimplikasies)
5. Die naam en praktyknommer van die gesondheidsorg praktisyn
6. Bewys van betaling (heg dit aan die eis)
7. Die bedrag wat betaal is
8. Die bedrag wat per item gehef is
9. Die toepaslik kodes, soos ICD10-, NAPPI- en itemkodes
10. Die datum waarop die diens/prosedure gelewer/ uitgevoer is

Die rekening moet nie enige wysigings bevat wat met die hand aangebring is nie, aangesien dit jou eis ongeldig sal maak. Medihelp aanvaar nie rekenings in Word- of Excel-formaat nie.

### Hoe om eise in te dien

**Medihelp-app vir lede:** Neem 'n foto van die rekening en bewys van betaling, en dien dit vinnig en maklik in

**Member Zone:** Teken aan op Medihelp se Member Zone en klik op "Dien eis in"

**E-pos:** Die rekening en jou bewys van betaling na [claims@medihelp.co.za](mailto:claims@medihelp.co.za)

Jy kan ook jou eise vir tandheelkunde (DRC) en oogkunde (PPN) indien.



### Tydperk vir die indiening van eise

**4 maande**  
om nuwe eise in te dien vanaf die datum van die diens

**60 dae\***  
om gewysigde eise weer in te dien

\* Dit sluit in versoeke vir inligting of navrae oor betalings, vanaf die datum van die staat waarop Medihelp die eis gerapporteer het.

### Wat is "split billing"?

Dit is wanneer 'n gesondheidsorgverskaffer twee rekenings vir dieselfde diens hef – een wat na Medihelp gestuur word en die ander een na jou. In sulke gevalle sal Medihelp net die rekening verwerk wat ons eerste ontvang.

### Jy is verantwoordelik om –

- Te bevestig dat al die gelewerde dienste op die rekening verskyn
- Te sorg dat die eis binne die voorgeskrewe indieningstydperk ingedien word
- Te verseker dat Medihelp jou eis binne die voorgeskrewe indieningstydperk verwerk
- Jou eisestate te kontroleer, selfs indien jou gesondheidsorgverskaffer 'n eis namens jou ingedien het

**086 0100 678** [www.medihelp.co.za](http://www.medihelp.co.za)

Medihelp is 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste (FSP No 15738)

## Eisestate

Jy kan tot drie keer per maand eisestate per e-pos ontvang, afhangende van wanneer eise by Medihelp ingedien word. Jy moet ook jou staat vergelyk met die eise wat jy ingedien het om te verseker dat die inligting ooreenstem.

## Eisestate vir siggestremde lede

Ons siggestremde lede kan hulle eisestate in oudioformaat ontvang. Indien jy graag jou eisestate in hierdie formaat wil ontvang of weet van 'n Medihelp-lid wat siggestremd is en hierdie kommunikasiemetode sal verkies, stuur e-pos na [enquiries@medihelp.co.za](mailto:enquiries@medihelp.co.za) en ons sal jou of die lid aan hierdie diens koppel.

## Navrae oor eise

E-pos asseblief jou navrae oor eise wat reeds verwerk is na [enquiries@medihelp.co.za](mailto:enquiries@medihelp.co.za).

Jy kan ook ons Kliëntesorgsentrum skakel by 086 0100 678, Maandae tot Donderdae vanaf 07:00 tot 17:00 en Vrydae vanaf 08:00 tot 16:00.

### Eise vir oogkunde en navrae (PPN)

[info@ppn.co.za](mailto:info@ppn.co.za)

MedSaver-lede: E-pos nuwe eise na [claims@medihelp.co.za](mailto:claims@medihelp.co.za)

### Eise vir tandheeldkunde en navrae (DRC)

E-pos nuwe eise na [claims@dentalrisk.com](mailto:claims@dentalrisk.com)

E-pos algemene navrae oor tandheeldkunde-eise na [medihelp@dentalrisk.com](mailto:medihelp@dentalrisk.com)



## Jou eisestaat bevat die volgende opsomming:

- Eise wat ontvang is;
- Dienste wat geëis is en die betrokke mediese diensverskaffers;
- Enige bybetalings wat jy aan 'n diensverskaffer moet betaal (indien van toepassing);
- Die voordelepoel waaruit voordele betaal is (bv. kern voordele of jou spaarrekening);
- Enige bedrae waarvoor betaling geweier is en die redes daarvoor; en
- 'n Opsomming van jou voordele, hoeveel jy reeds gebruik het en hoeveel geld jy nog beskikbaar het.

## Onthou:

- ✓ Maak altyd jou eisestate oop en lees dit sorgvuldig.
- ✓ Maak seker dat alle inligting korrek is.
- ✓ Indien daar iets is waarmee jy nie saamstem nie, of indien jy enige vrae oor jou eiseverwerkings het, skakel die Kliëntesorgsentrum by 086 0100 678 of stuur e-pos na [enquiries@medihelp.co.za](mailto:enquiries@medihelp.co.za).
- ✓ Indien jy enige ander navrae het, 'n nuwe eis wil indien of voorafgoedkeuring vir hospitalisasie wil versoek, verwys na die nuttige kontakbesonderhede op die eerste bladsy van die eisestaat.

